

# Vir die kultuur-boekrak



Oosterlinge, veral Chinese en Japannese, het by uitnemendheid al eeue gelede daarin geslaag om hul digkuns só aan te bied dat dit onweerstaanbaar vir haas enigeen is om dit te lees. Dikwels vorm dit deel van 'n skildery.

Daar is darem ook heelparty

Westerlinge wat hul digkuns op so 'n wyse kan aanbied dat dit graag gelees en as 'n kultuur-aanwinst beskou word. En gelukkig het die musiekrewolusie, eintlik kontra-kultuurrewolusie, wat in die laat 1950's begin het en tot die vroeë 1980's 'n hoogtepunt bereik het, daarvoor gesorg dat Westerse digkuns in die vorm van lirieke 'n nodige hupstoot kry.

'n Digbundel wat einde 2008 by Echoing Green Press verskyn het en my as iets besonders opval, is **Stimela - Railway Poems of South Africa**, saamgestel en ingelei deur Laurence Wright. Die voorblad lyk byna nes die tipiese treinkaartjie van die eertydse Suid-Afrikaanse Spoorweë. Soos die titel aandui, hou al 40 gedigte daarin met treine en die spoorweë verband.

Toe ek daarin begin rondblaa en lees, ontdek ek tot my verbasing dat die gedigte van voor die Anglo-Boereoorlog tot die onlangse verlede strek.

Die trein as kultuurverskynsel het 'n besondere pad in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gebaan. Sedert sy impak op die moderne leefwyse ingrypend afgeneem het, speel dit ook nie meer so 'n belangrike rol in die geesteslewe nie. Die bundel is in hierdie opsig inderdaad 'n bewaringsaksie.

Twee gedigte wat my veral opgeval het, is Rudyard Kipling se "Bridge-guard in the Karoo", wat hy in die Anglo-Boereoorlog geskryf het, en Totius se "Repos Ailleurs - Die Rus is Elders", wat ook na die Anglo-Boereoorlog verwys. Guy Butler het dit in Engels vertaal as "The Grass is Greener", 'n onvanpaste titel.

Kipling s'n is die verhaal van eensame Tommies wat 'n treinbrug teen Boere-aanslae moet bewaak. Totius s'n is dié van 'n konsentrasiekampkind, eensaam en verhonger in die donker langs die treinspoor, wat haar verwonder aan die nagtrein waarvan die eetsalon, gelaai met spye en drankie, helder verlig is.

Die sagtebandboek kan verkry word van Posbus 22233, Vishoek 7974, of ☎ 084 550 9688 of ☎ 021 782 2943. Die e-posadres is ringer @echoinggreenpress.com.